**Profesie oor Noag se nageslag**

**Gen 9:18-29, 10:1-32**

**16 Julie 2023**

1. Vantevore: Opdragte in bewaringsverbond het besondere klem op die bewaring van menselewens: vrees vir mense in diere, diere as kos vir mense, die Here eis 'n lewe as 'n menselewe geneem word. Verantwoordelikheid aan die mens gegee om die lewens van moordenaars te neem – in die NT is dit die owerhede se verantwoordelikheid.
2. Die sonde van Noag (Gen 9:20-23)
    a. Noag was man van die grond, druiweboer en wynmaker (v 20, vgl Gen 2:7, 5:29, 4:20-22)
    b. Noag se sonde: dronk van te veel wyn, ontbloot homself in tent (v21)
    c. Gam se sonde: verlustig in naaktheid, geen respek vir sy pa, vertel sy broers (v22)
    d. Sem en Jafet se optrede: respekvol, bedek hulle pa se skaamte (v23)
    e. Implikasies:
        - Selfs mense wat geregverdig is, sondig steeds
        - Ooreenkoms tussen Adam en Noag: eet vs drink / beide besef hulle is naak / beide se naaktheid word bedek deur God of deur seuns
3. Die profesie van Noag (Gen 9:24-27)
    a. Noag se sonde is nie hooffokus nie:
        - As Noag wakker word fokus hy op Gam se optrede
        - Gen 9:18-19 dui aan die fokus is op Sem, Gam en Jafet se nageslag
        - Gen 9:25-27 is Noag se afskeidswoorde voor sy sterwe
    b. Inhoud van Noag se profesie
        - Gam (v25): Kanaän word vervloek, moet slaaf wees vir Sem en Jafet
        - Sem (v26): Die Here is Sem se God, Kanaän moet sy slaaf wees
        - Jafet (v27): God moet ruimte gee om in Sem se tente te woon, Kanaän moet sy slaaf wees
4. Die lig van Gen 10 op Noag se profesie (Gen 10:1-32)
    a. V1 en 32: Opsomming van nasies wat uit Sem, Gam en Jafet afstam
    b. Volgorde dui aan die skrywer wil later op Sem se nageslag fokus (vgl Gen 11:10 ev)
    c. Jafet: 14 nasies, Gam: 30 nasies, Sem: 26 nasies – Totaal 70 (seleksie van nasies met teologiese betekenis)
    d. Jafet se nageslag (v2-5a): Turkye, Siprus, Griekeland, Italië, Spanje
    e. Gam se nageslag (v6-14): Afrika, Arabië, Mesopotamië (dus Irak)
    f. Kanaän se nageslag (v15-19): Sirië, Libanon, Israel (dus beloofde land)
    g. Sem se nageslag (v21-29): Arabië, Mesopotamië (Irak), beloofde land
    h. Interpretasie:
        - Sem se nageslag verwys na Abram en die volk – OT geskiedenis speel af in areas waar Sem se nageslag woon – beloofde land en Mesopotamië
        - Gam se nageslag woon in dieselfde dele as Sem se nageslag. Kanaän woon in beloofde land, waar hulle Israel (Sem se nageslag) se slawe word
        - Jafet se nageslag woon in gebied waar NT afspeel – daar word vir hulle ruimte geskep in Sem se tente as Jode die evangelie verwerp en dit na die heidennasies geneem word
    i. Die Here maak duidelik hy fokus tydelik op Sem en Kanaän se nageslag om Sy verlossing te verduidelik, maar sal later ook Jafet se nageslag insluit